Esra Week 34: Eindig 23 Aug https://totueer.blog/52-weke/ **Heropbou**

Heropbou van die tempel		**Heropbou van die volk**	
Eerste terugkeer (1-2)	Herbou van die tempel (3-6)	Tweede terugkeer (7-9)	Herbou van die volk (9-10)
Serubbabel, 538-516vC in Jerusalem		Esra, 458 vC in Jerusalem	
Haggai en Sagaria tree in die tyd op		Ester is in die tyd tussen Esra 6 en 7 en Nehemia by Esra 9-10	

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	Esra 1	Esra 1-2
Di	Esra 3	Esra 3
Wo	Esra 4	Esra 4-5
Do	Esra 6	Esra 6
Vry	Esra 7	Esra 7-8
Sat	Esra 9	Esra 9
Son	Esra 10	Esra 10

Esra het hom gewy aan die wet van die Here. (Esra 7:10)

In 536 vC het die Medo-Persiese koning, Kores, 'n bevel uitgevaardig wat die bannelinge toegelaat het om na hulle land toe terug te keer. Dit het die sewentig jaar-lange ballingskap beëindig net soos Jeremia voorspel het (Jer 25:11 en 29:10 en 2 Kron 36). As mens na die datums kyk, lyk dit na 'n probleem – die ballingskap het in 586vC begin en die eerste terugkeer was in 538vC – dit is net 48 jaar. Die tempel was die hartklop van die volk se bestaan. Waarskynlik moet mens kyk na die verwoesting van die tempel in 586vC en die herbou van die tempel in 516vC, dit is presies sewentig jaar.

Ongeveer 50 000 Israeliete keer terug in 538 vC. By hulle aankoms rig hulle dadelik 'n altaar op en stel weer die offerdiens in. Hulle vier weer Huttefees. Die bouwerk aan die tempel begin in die tweede maand van die volgende jaar. Die Samaritane was vyandig teenoor en hulle en die bouwerk het gestop. In die tweede jaar van koning Darius, die nuwe Persiese heerser, word die Jode in staat gestel om met die bouwerk voort te gaan. Die tempel word in vyf jaar voltooi (520 – 515 vC). Na die indrukwekkende inwyding, begin die volk weer met diens (soos in die wet van Moses voorgeskryf) in die tempel.

Esra was 'n skrifgeleerde en kenner van die Wet van Moses. Op versoek van die Persiese koning lei hy 'n tweede groep Israeliete terug na Juda. Met koninklike geskenke en geld vra Esra nie om beskerming by die koning nie, maar bid hy tot God daarvoor. Drie en 'n half maande later kom hulle in Jerusalem aan.

Sy gebed in Esra 9:6-15 bvestig weereens dat hy in alles afhanklik is van gebed. Met sy aankoms begin hy dadelik stappe om ondertrouery met heidense nasies uit te roei. Die oortreders beloof om hul huwelike te ontbind en skuldoffers te bring.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

God gee opdragte deur heidense konings

Jerusalem in sabatsrus vir sewentig jaar,
tot koning Kores se regeringsjaar. (II Kron 36:21-23)
Die Here het Kores laat proklameer:
God het my oor al die nasies laat regeer.
Hy het my beveel om ‘n tempel te bou.
Sy volk kan teruggaan en op Hom vetrou. (Esra 1:1-4)

In koning Darius se proklomasie het gestaan:
Laat die werk aan die tempel ongehinderd voortgaan.
Laat hulle die tempel bou waar hy moet staan.
Dra vir hulle koring, sout, wyn en olie aan.
Doen dit elke dag, sonder om een oor te slaan.
Miskien sien hulle God ons genadig aan. (Esra 6:7-10)

In Koning Atastarta se opdrag het gestaan,
dat die wetsgeleerde Ester na Jerusalem moet gaan.
Esra het hom toegewy aan die wet van die Heer
en wou dit in praktyk toepas en die volk dit leer.
Esra, jy moet regeerders en regsters gaan aanstel
en die wet van God as maatstaf daar gaan instel.
(Esra 7-10,23-27)

Die volk herbou die tempel (Esra 3-4, Hag 1-2)

Saam met die fondamente was daar ‘n gejuig:
Dit het van God se getrouheid getuig.

Die nie-Israeliete het probeer keer
en die bouwerk met omkopery versteur.
Die volk het hul eie huise begin bou,
in plaas van eerste op God te vertrou.

Neem ter harte wat met jul gebeur:
Julle het ‘n groot oes verwag,
maar kry ‘n misoes elke slag.
Kry hout en bou My huis tot my eer!

Skep moed, skep moed:
Begin werk met spoed.
Ek staan julle by.
Die werk is vir My.

Waarom is julle bang, so benoud?
Aan My behoort al die silwer en goud.
As ek My mag aan die nasies wys
Bring hulle hulle skatte na My huis!